UNIVERSITEIT·STELLENBOSCH·UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner

# K E N N I S G E W I N G

**VERLENING VAN DOKTORALE GRADE**

**DESEMBER 2013 EN APRIL 2014**

**Hierdie kennisgewing word aan ALLE ingeskrewe doktorale kandidate gestuur en sal gevolglik ook ontvang word deur kandidate wat nie by een van die betrokke plegtighede sal gradueer nie.**

**A. PLEK, DATUMS EN TYE** (Die datum en tye van die twee doktorale plegtighede in April 2014 word by paragraaf I aangedui.)

Die verlening van doktorale grade in **Desember 2013** vind plaas in die **ENDLERSAAL** in die **Konservatorium vir Musiek** in **Victoriastraat, Stellenbosch,** op die datums en tyd soos hieronder aangedui:

| | |
|---|---|
| 1. 11 DESEMBER, WOENSDAG (14:00) | Doktorale grade in die volgende fakulteite:<br>Lettere en Sosiale Wetenskappe<br>Opvoedkunde<br>Teologie<br>Regsgeleerdheid<br>Ekonomiese en Bestuurswetenskappe |
| 2. 12 DESEMBER, DONDERDAG (14:00) | Doktorale grade in die volgende fakulteite:<br>Natuurwetenskappe<br>AgriWetenskappe<br>Ingenieurswese<br>Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe |

**B. PROSEDURE, GASTE EN PARKERING**

1. Doktorale kandidate moet **1½ uur** voor die aanvang van die betrokke plegtigheid, dus om **12:30**, in die **Fismersaal** in die **Konservatorium vir Musiek** in **Victoriastraat, Stellenbosch**, aanmeld.

2. Indien 'n doktorale kandidaat om een of ander rede nie oor die verhoog sal kan beweeg tydens die toekenning van die betrokke doktorsgraad nie, moet daar asseblief teen **Vrydag 29 November** met Dorothy van Kerwel by tel nr 021 808 3729 of e-pos dvk@sun.ac.za in verbinding getree word met die oog op die tref van spesiale reëlings vir die toekenning van die betrokke graad voor die verhoog.

3. 'n Doktorale kandidaat mag tot **vyf gaste** na die plegtigheid nooi. Geen toegangskaartjies word uitgereik nie. Voorskoolse kinders moet liefs nie die plegtighede bywoon nie.

4. 'n Kaart wat parkering in die onmiddellike omgewing van die Konservatorium vir Musiek aandui word as 'n laaste bladsy hierby ingesluit. Die Konservatorium vir Musiek is nommer 7 op die kaart. Dit word aanbeveel dat die parkeerterrein agter die Sasol Kunsmuseum (nommer 11 op die kaart), wat via Colignystraat bereik kan word, gebruik word. Dit sal ook moontlik wees om in Neethlingstraat of Murraystraat te parkeer en daar is 'n verdere parkeerterrein uit Murraystraat op die hoek van Neethlingstraat en Murraystraat.

## C. AKADEMIESE DRAG

1. Doktorale kandidate kan die voorgeskrewe akademiese drag (rooi toga en doktorale graadband van die betrokke fakulteit) in die **Fismersaal** huur wanneer hulle om 12:30 daar aanmeld.

2. Die huurtarief vir ’n rooi toga en doktorale graadband sal **R270+R300 deposito = R570** beloop. **Slegs kontant** sal aanvaar word en die R300 deposito is terugbetaalbaar by terughandiging van die gehuurde akademiese drag in die **Fismersaal** na afloop van die plegtigheid. Normaalweg dra doktorale kandidate nie die graadband van hulle magistergraad nie, maar indien ’n kandidaat wel ’n magistergraadband van die Universiteit Stellenbosch wil dra, moet die betrokke band **voor** aanmelding in die Fismersaal by “Die Stal” by die Jannie Marais-huis op Coetzenburg teen ’n bykomende bedrag van **R100** gehuur word, wat nie terugbetaalbaar is nie.
3. Doktorale kandidate wat ‘n magistergraad aan ‘n ander universiteit verwerf het en wel die betrokke universiteit se magistergraadband by hierdie plegtigheid wil dra, moet vroegtydig die graadband by die betrokke universiteit aanvra.

## D. GRAAD IN AFWESIGHEID

Indien ’n doktorale kandidaat nie die betrokke gradeplegtigheid kan bywoon nie, moet dit vroegtydig – verkieslik voor middel November – onder die betrokke promotor se aandag gebring word, ten einde die graad ***in absentia*** te kan ontvang. Daar is ook ’n vorm op www.mymaties.com wat **vóór Vrydag 6 Desember** voltooi moet word, wat sal meebring dat die gradueringsdokumentasie na afloop van al die plegtighede outomaties aan die kandidaat gepos sal word.
**LW: Vorm op www.mymaties.com >>Studies >>Gradeplegtighede >> Afwesig tydens Plegtigheid**

## E. OORSTAAN VAN GRADUERING NA APRIL 2014

’n Doktorale kandidaat wat kwalifiseer om by ’n Desemberplegtigheid te gradueer, maar wat die verlening van die graad tot die Aprilplegtigheid wil laat oorstaan, moet dit vroegtydig – verkieslik voor middel November – onder die betrokke promotor se aandag bring. Daar is ook ‘n vorm vir oorstaan op www.mymaties.com wat **vóór Vrydag 6 Desember** voltooi moet word**.**
**LW: Vorm op www.mymaties.com >>Studies >>Gradeplegtighede >> Afwesig tydens Plegtigheid**

## F. NEEM VAN FOTO’S

Akademiese drag is by alle plaaslike fotograwe beskikbaar vir die neem van foto’s. Tydens die plegtigheid word ook foto’s van elke kandidaat by toekenning van die betrokke graad geneem, wat later bestel kan word. ’n Bestelvorm word ná die plegtighede aan graduandi gestuur.

## G. GELDSKULDENAARS

Alle kandidate wat afstudeer, maar wat geld aan die Universiteit verskuldig is, is onderworpe aan die volgende bepalings:

1. Waar die verskuldigde bedrag meer as R100,00 is, ontvang die kandidaat by die plegtigheid ’n koker met ’n rekening en ’n aanmaningsbrief daarin (in plaas van die amptelike gradueringsdokumente). Waar die verskuldigde bedrag minder as R100,00 is, ontvang die kandidaat wel die amptelike dokumente.
2. Om dit vir die Universiteit logisties moontlik te maak om kandidate se gradueringsdokumente by die plegtighede uit te reik, moet alle verskuldigde bedrae vir die doel van-
    - die Desemberplegtighede **voor 12:00 op 29 November 2013 vereffen wees**.
    - die April 2014-plegtighede **voor 12:00 op 10 April 2014 vereffen wees**.

## H. AKKOMMODASIE VIR GRADEDAE BY UNIVERSITEIT BESKIKBAAR

Persone wat die Gradeplegtighede in Desember kom bywoon, kan van Universiteitsverblyf gebruik maak om in te oornag. Studente-woonhuise en ander wooneenhede is beskikbaar teen billike tariewe. Kry meer inligting hieroor by mev Mathilde Bekaardt by tel (021) 808 2895. Brosjures kan ook per e-pos aangevra word by mbekaardt@sun.ac.za.

## I. VERLENING VAN DOKTORALE GRADE OP DONDERDAG 24 APRIL 2014

| | |
|---|---|
| 1. DONDERDAG 24 APRIL 2014 (10:00) | • Doktorale grade in die volgende fakulteite:<br>Natuurwetenskappe<br>Agriwetenskappe<br>Ekonomiese en Bestuurswetenskappe<br>Ingenieurswese |
| 2. DONDERDAG 24 APRIL 2014 (14:00) | • Doktorale grade in die volgende fakulteite:<br>Lettere en Sosiale Wetenskappe<br>Opvoedkunde<br>Teologie<br>Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe |

JA Aspeling
**REGISTRATEUR** 28 Oktober 2013

# GESINSFOTO'S









# PLEK: SPORTWETENSKAP-GEBOU COETZENBURG

(AGTER DF MALAN-SAAL IN SPORTWETENSKAP-GEBOU (HOOFINGANG)

Datums: 10, 11, 12 en 13 Desember
Tye: 10, 11, 12 Des (07:30 – 21:00); 13 Des (07:30 – 15:30)

2 Pakette beskikbaar: 3 Jumbos @ R110,00/6 Jumbos @ R140,00 Insl: toga, band, hoed en posgeld (RSA)

## Besprekings

Administrasie Blok A Kamer 1013 of Tel: 021 808 3073 of 021 808 3566 (08:00 – 16:30)
Direk na plegtighede sal ons studente afneem soos hulle aankom, omdat ons nie weet hoe laat die plegtighede klaarmaak nie.
Studente kan enige dag 'n afspraak maak; dit hoef nie op dieselfde dag as hul plegtigheid te wees nie.

***Amptelike grade-fotograwe van Universiteit Stellenbosch***

UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

1 DF Malan Gedenksentrum
2 Coetzenburg atletiekstadion
3 Danie Craven rugbystadion
4 Jannie Marais huis /Sportburo
5 Wallenbergsentrum (STIAS)
6 STIAS Heerenhuis
7 Konservatorium / Endlersaal, Jannaschsaal, Fismersaal
8 US Botaniese tuin
9 HB Thom teater
10 Kruiskerk
11 Sasol Kunsmuseum
12 US Kunsgallery
13 Admin A, B en C
14 Ingenieurswese
15 Lettere & Sosiale wetenskappe
16 Agriwetenskappe
17 Opvoedkunde
18 Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
19 Ou Hoofgebou (Regsfakulteit)
20 Teologie
21 Natuurwetenskappe
22 Sentrum vir Voornemende Studente
23 Sentrum vir Studentevoorligting en Ontwikkeling
24 Internasionale kantoor
25 Neelsie Studentesentrum
26 Ou Konservatorium
27 US Beskermingsdienste
28 Gimnasium




WELKOM BY DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH